# IDASA-werkswinkel: Suid-Afrikaanse universiteite in 'n nie-rassige demokrasie

HÉLÈNE ROUSSOUW
Universiteit Stellenbosch

DIÉ IDASA-Werkswinkel in September het aan studente en dosente van oor die hele politieke spektrum in Suid-Afrika die geleentheid gebied om op 'n persoonlike vlak te skakel en idees uit te ruil, ongeag eie politieke affiliasies. Dit was dus 'n redelik heterogene ideologiese groep wat bewys het dat ons kán sáámpraat en ervarings deel. IDASA fokus op die wit gemeenskap en juis daarom het Afrikaanse studente en dosente hul ervarings aan die universiteit — medium vir die stimulering van intellektuele denke en debat — met soveel vrug gedeel. Dit was juis die groter bewustheidsvlak van die universiteit en die groter mate van blootstelling wat mense ontnugter en met realistieser oë na die aard van mense-verhoudinge om hulle begin kyk. Die besef dat 'n abnormale situasie bestaan wat genormaliseer moet word, maak studente betrokke by verskillende studente-organisasies.

Prof. Lourens du Plessis (US) en mnr. Mark Behr (NUSAS — Stellenbosch) het 'n interessante debat uitgelok rondom studente-politiek en die geskiedenis en effektiwiteit daar rondom. Dis veral duidelik dat dié geskiedenis huidige tendense direk beïnvloed en dat studente moet leer uit die foute van hul intellektuele voorgangers. In Mark se woorde: "Rookgevulde kamertjies help, maar rookgevulde kamertjies los nie probleme op nie."

Die Saterdagprogram het aan elke universiteit se verteenwoordigers die ruimte gegee om die politieke tendense op sy kampus te skets. Hieruit het duidelik geblyk dat sommige organisasies kies om binne die strukture te werk, en ander kies om eerder buite die strukture te werk. Die een stroming kies om steeds die huidige bestel te kritiseer, terwyl die ander stroming eerder kies om die huidige bestel te wil vervang. Hierdie keuse hang af van die individu se lewens- en wêreldbeskouing en werklikheidsvisie.

Susan Booysens (RAU), Jannie Gagiano (US) en Dr Bernard Lategan (US) se insette het gelei tot 'n interessante bespreking rondom die moontlikhede om 'n gesindheidsverandering onder Afrikaners ten opsigte van Apartheid teweeg te bring. Studente en dosente se ervaring het daarop gedui dat persoonlike kontak met swart- en bruinmense aan hulle bewys het dat 'n nuwe Suid-Afrika wel moontlik is. Geleenthede vir sulke skakeling op 'n interpersoonlike vlak blyk dus die beste moontlikheid te wees, om gesindheidsveranderinge teweeg te bring. Hierdie geleenthede vir skakeling moet geskep word deur soveel organisasies en liggame as moontlik: sowel studente- as dosente-liggame.

Geleenthede soos dié bring mense van verskillende politieke oortuiginge bymekaar en die beter verhoudinge wat op dié wyse geskep word, help om konflik te hanteer in 'n land waar konflik onvermydelik geword het.

## Notes on evaluation

THE evaluation rating for the workshop by participants averaged 82% (which left the co-ordinating team quite satisfied). All participants unanimously agreed that more such exercises were of utmost importance in the current process of sociopolitical transformation. Universities which attended: Bloemfontein, Pretoria, Potchefstroom, Stellenbosch, Port Elizabeth, Randse Afrikaanse Universiteit. Number of participants: 36.




*Some of the 36 participants at the National Students' Workshop on "Afrikaans Campuses and a non-racial Democracy"*